— November 2001 —

WATERKLOOFNUUS

NUUSBRIEF VAN DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERK WATERKLOOF
H/V GIOVANETTI- & DEYSTRAAT, NIEU MUCKLENEUK. POSBUS 1526, GROENKLOOF, 0027. TEL: 460-3913 FAKS: 460-1460.

Vier van die lapaprojek se kunstenaartjies. V.l.n.r is hulle Jamie Gous (7), Gerrit Nieuwoudt (6), Cameron Wilkinson (5) en Chelsey Perseval

Om te kyk en weer te kyk!

Die "lapa-kunsprojek" by die Waterkloof-gemeente se kerksaal is 'n betowerende toneel van spattende kleur waar mens ure kan deurbring om te kyk en te kyk, en weer te kyk... Rina Thom het besluit om self te gaan kyk:

Kyk 'n mens na die foto hierby sien jy sommer: twee koppe is beter as een. Linda Hendrikz en 'n helpertjie, Trudie Spangenberg (8), is in diep gesprek. Gaan dit oor kleur of dalk oor lyn? Want sien, Linda is die inisieerder van ons "lapa-kunsprojek". Sy en dominee Danie du Toit. Dit het só gekom, vertel Linda:

Sy was besig om haar leerlinge by die Pavane-kunsskool in Nieu-Muckleneuk meer te vertel van die werk van die Meksikaanse skilder Frieda Kahlo wie se man, Diego Rivera, 'n muurskilder is. Sy het allerhande staaltjies vertel oor hoe Frieda dikwels haar skilderye vir Diego by sy "werkplek" gaan wys het, en hoe hy, wat maar bra dikkerig is, af moes sukkel van sy muurprojek om te kom kyk wat sy doen en haar aan te moedig.

Dit is toe dat die 5-jarige Estiaan Kriek sê: "Maar tannie, kan ons nie ook 'n muur skilder nie." Linda beloof dit sal gebeur, maar dink heimlik eers aan volgende jaar, want waar sal sy

nou 'n muur kry. Op 'n Sondag ná kerk, vra Danie of sy weet van die lapa by die kerksaal. Sy gaan toe kyk en daar is iets "muur-erig", maar sy sien dit nie eintlik raak nie. Toe vra Danie of sy nie die lapa wil beskilder nie. Aha!, sê Linda:"Ek het nie die muur gekry nie. Die muur het my gekry!"

En net daar vat die projek vlam. Gewapen met 'n mag der menigte kunsboeke en kinderbybels, word die voorstudie gedoen en word op ongeveer 25 temas besluit. Elke kunstenaar kon sy of haar eie seleksie doen, volgens eie styl en vermoë. Kompetisie was uit, so ook "reg" en "verkeerd".

(Blaai om)

Die eintlike beplanning is in Linda

Kalender

Kersprogram

• Sondag 16 Desember om 09:00: Versoeningsdag. • Dinsdag 25 Desember om 08:00: Christusfees Erediens. •-Woensdag 26 Desember: Erediens om 09:00: Welwillindheidsdag. • Maandag 31 Desember: Oujaarsdiens om 23:15.

Musica Camerata

Die Musica Camerata-groep lewer twee uitvoerings van F Mendelsohn se Lobgesang. Die uitvoering is op 11 November om 15h30 in die NG Kerk Overkruin, terwyl die tweede op 23 November hier in ons eie kerksaal sal plaasvind. Hierdie bekende koor en instrumentale ensemble tree onder leiding van Neels Boonzaaier op en Rose

...en nog verder te kyk

As jy vir iets vir Jesus skilder, is daar nie "reg" of "verkeerd" nie. Alles is goed!

Bo: 'n Breër perspektief op die beskilderde lapa met die trappe wat lei na die kombuis van die kerksaal.
Regs: Chelsey Perseval (5) by 'n gedeelte van die lapa-muur-projek. Wat 'n fees!
Links: Talya Smith (7) besig om haar bydrae by die lapa te maak. Hoe die klere skoon gebly het, weet nugter...
Onder: Die laaste avondmaal, soos Liesl le Roux (12) dit sien.



Simson die Sterke — Claudia Evans (11)

se ateljee in Groenkloof gedoen, op papier. Daarna trek hulle soos ervare (Meksikaanse) muurskilders los om die buitelyne eers in wit bordkryt en toe met swart verf te doen. En hoe het die kinders dit ervaar? “Pret, vet pret”, sê Linda. Self het sy selektief hulp verleen, want die eindproduk was nie “juffrou” s’n nie. Dit was hulle eie.

Kyk jy na die prente, val die uitbundige kleuraanwending jou dadelik op. Dis ook een van haar geheime, sê sy. Sy stel baie kleure beskikbaar waaruit gekies kan word, want dit is byvoorbeeld so dat een kind reeds baie vroeg ‘n voorliefde toon vir sagter pastelkleure.

Die kreatiewe proses gee vir die kleingoed geweldige bevrediging. Die hoofdoel is natuurlik die ontplooiing van die individu se eie kreatiewe vermoë. Want dit bepaal uiteindelik of jy dalk eendag ‘n goeie geneesheer, ‘n ingenieur of ‘n onderwyser sal wees.

Die ouderdom van die deelnemers wissel tussen vier en dertien jaar, behalwe vir die een hoekie wat sy aan een van haar heel eerste studente, nou sestien jaar oud, toegesê het. Daarom dat sommige figure byna net kop-en-potelinge is, terwyl daar ander heel gesofistikeerde gestaltes voorkom.

Terwyl Linda so geesdriftig gesels, besef ek: Ja, dis ‘n storie van ou liefde wat nie roes nie. Ná haar opleiding as kunsonderwyser, het haar paadjie ‘n hele paar draaie geloop. Maar nou het sy en haar leerlinge ‘n eie nis gevind. Ná ‘n beskeie begin met vier studente in 1998 tel die geledere nou 120. Daar is twee groeperinge: voorskool tot graad 2 en dan graad 3 tot 7. Belangstellende ouers kan Linda by 460-6169 kontak in verband met haar kunsklasse.

Vir die gemeente is die lapa nie net ‘n welkome nuwe kuierplek nie, maar ook ‘n lus vir die oog. Want wat sê hulle nou weer van “a thing of beauty?” Ons sê baie dankie aan Linda en Alet en die jong kunstenaars. Mag die ontdekkingsreis wat julle via die kuns maak, immer opwindend wees! Δ

Het u al ons Swartwoud ham geproe?

Of ons gemarineerde rib... ons salami... ons fyngekerfde biltong? Probeer gerus ons fynvleis en ons worse; ons gerookte vleis en ons sosaties. Ons Swartwoudse gerookte ham dra selfs die goedkeuring van mense wat van die Swartwoud kom! Ons werk met vleis onder die strengste higiëniese toestande. Ons vleissnitte is skoon en netjies en ekonomies. En ons pryse? Kom vergelyk self! Ons is in die Monumentpark koopsentrum sommer hier by Waterkloof en u kan vlak voor ons slaghuis parkeer.

MONDANETTE SLAGHUIS

Posbus 25042, Monumentpark 0105. Tel 346 1882, 346 1883